U.G.O. EN C.V.O.

TWEE TEENOORSTAANDE ONDERWYSMODELLE

IN DIE RSA

VERANTWOORDING

Prof JJ Pienaar
Prof.CJJ Basson

November 2008

U.G.O. EN C.V.O.

TWEE TEENOORSTAANDE ONDERWYSMODELLE IN DIE RSA

1. UITGANGSPUNT

2. UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS

2.1 VERANTWOORDING

2.2 TIPERING VAN U.G.O.

2.3 DIE WESE VAN U.G.O.
2.3.1 Uitkomste gedrewe
2.3.2 Instrument tot sosiale verandering
2.3.3 Vestiging van die Ubuntu ingesteldheid van Afrika
2.3.4 Die vestiging van globalistiese waardes en norme
2.3.5 ’n Onopvoedkundige benadering tot gesag

2.4 KRITIEK TEEN U.G.O.
2.4.1 Blatante indoktrinasie
2.4.2 Relativering van waardes en norme
2.4.3 ’n Kultuur van geweld in U.G.O.-skole
2.4.4 Aanslag teen die Christelike geloof, ons volksidentiteit en God Drie-enig

2.5 OPVOEDKUNDIGE EVALUERING: DIE PRAKTYK VAN U.G.O.
2.5.1. Die skool as middel tot sosiale manipulasie (social engineering) en sosiale omvorming
2.5.2 Die aard en wese van die jeugdige op skool
2.5.3 Die onderwyser as fasiliteerder in U.G.O.
2.5.4 Die opvoedende onderrigrol van die onderwyser

2.6 OPVOEDKUNDIGE EVALUERING: DIE UITKOMS VAN U.G.O.

2.7 SAMEVATTENDE EVALUERING VAN U.G.O.

2.8 UITKOMSGERIGTE ONDERWYS! QUO VADIS?

3. DIE CVO-BEDELING

3.1 TIPERING VAN DIE C.V.O.

3.2 WAT BETEKEN C.V.O.?

3.3 DIE WESE VAN C.V.O.
3.3.1 Die eis van die doopgelofte
3.3.2 Die C.V.O.-benadering is spesifiek
3.3.3 Die siening van gesag in die C.V.O.
3.3.4 Die onderrigsituasie in C.V.O. is kennisgedrewe

3.3.5 Die B.C.V.O.-benadering behels waardes, norme en gesindhede

3.4 KRITIEK TEEN DIE C.V.O.

3.5 OPVOEDKUNDIGE EVALUERING: DIE PRAKTYK VAN C.V.O.
3.5.1 Algemeen vormende onderwys
3.5.2 Die onderrig-leerfunksie is die kernfunksie van die skool
3.5.3 Die ware skool voorsien opvoedende onderwys
3.5.4 Geborgenheidsbelewing as veiligheidsruimte van waaruit die leerling kan waag
3.5.5 Hoop op die toekoms
3.5.6 Individualisering van die onderwys
3.5.7 Die buite kurrikulêre program in diens van opvoedende onderwys

3.6 OPVOEDKUNDIGE EVALUERING: DIE UITKOMSTE VAN C.V.O.
3.6.1 Die gehalte van onderwys in die B.C.V.O.
3.6.2 Die peil van onderrig en leer

4. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

4.1 U.G.O.

4.2 C.V.O.

****

1

U.G.O. EN C.V.O.

TWEE TEENOORSTAANDE ONDERWYSMODELLE IN DIE RSA

1. UITGANGSPUNT

Uitkomsgebaseerde Onderwys (U.G.O.) en Christelik-volkseie Onderwys (C.V.O.) is twee onderwysmodelle wat sedert 1992 in die RSA te voorskyn getree het. Die uitgangspunte, die praktyk en die grondmotiewe van hierdie twee modelle verskil wesenlik van mekaar. Waar

die onderwys van die grootste gedeelte van die Suid-Afrikaanse skoolbevolking tans in ’n krisis verkeer, is dit noodsaaklik dat die implikasies van hierdie twee modelle grondig deurdink word.

2. UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS

2.1 VERANTWOORDING

Die ANC gedrewe Nasionale Onderwysdepartement worstel nou al vir etlike jare met die implementering van Uitkomsgebaseerde Onderwys (U.G.O.). Hierdie onderwys-model is nou al vir minstens 14 jaar met ons. Ons is dus nou in ’n betreklik goeie posisie om die uitkomste van hierdie model te verreken en dit te evalueer.

Die praktyk en die uitkomste van hierdie model kan tans reeds ondubbelsinnig geëvalueer word. Dit is noodwendig so dat die praktyk, soos dit in die 14 jaar uitgekristalliseer het, aan die hand van suiwer opvoedkundige beginsels geëvalueer moet word. Die vraag moet gevra word of die U.G.O.-model enigsins getrou is aan die opvoedkundige en onderwyskundige beginsels wat oor jare in die Opvoedkundige praktyk en teorie gevestig is? Hierdie aspekte sal ter sprake kom in die onderhawige ondersoek na:

* Die tipering van U.G.O.;
* Die wese van U.G.O.;
* ’n Ondersoek na kritiek teen U.G.O.;
* Evaluering van U.G.O.

Die uitkomste van die U.G.O.-model, moet noodwendig beoordeel word in die lig van wat tans in die openbare skole gebeur, as die suksesse al dan nie, van U.G.O.

Met betrekking tot beide die praktyk en die uitkomste van hierdie model, kan nou reeds opgemerk word dat daar tans beslis ’n baie groot dilemma met U.G.O. bestaan.

2.3 TIPERING VAN U.G.O.

“Outcomes Based Education” (“O.B.E.”) of Uitkomsgebaseerde Onderwys (U.G.O.) of eintlik Resultaatgedrewe Onderwys en Kurrikulum 2005 Onderwys, is almal sinonieme vir die sogenaamde nuwe onderwysbedeling in die RSA, die huidige amptelike onderwysmodel van die RSA.

2.3 DIE WESE VAN U.G.O.

Die wesenlike aard en betekenisse van U.G.O. kan saaklik soos volg beskryf word:

2.3.1 Uitkomste gedrewe

Uitkomsgebaseerde Onderwys (U.G.O.) word vanuit sogenaamde uitkomste beplan, bedryf en beskryf. (Iets soos: eers die dak en dan die mure).

2.3.2 Instrument tot sosiale verandering

Hierdie onderwysbedeling is die instrument vir die ANC-regering om Suid-Afrika wat ’n blanke-gedrewe gemeenskap was, te omvorm tot ’n samelewing met ’n Afrika aanskyn (Mandela se woorde). Die klem val dus swaar ***op polities geselekteerde waardes en gesindhede***, as uitkomste wat bereik moet word.

Die skool word ’n middel tot sosiale manipulasie (social engineering) en sosiale omvorming. Ten einde “sinvol” en sonder opstand in die nuwe samelewing in te skakel, moet die Afrikanerkind die volkseie waardes, norme en volkseie geskiedenis aflê en globalistiese waardes en norme aanneem. In kort: alle kinders in die RSA moet tot wêreldburger omvorm word, sodat hulle vir mekaar aanvaarbaar is.

Een skrywer verwoord hierdie proses soos volg:

“***O.B.E. is not education, it’s mind control from womb to tomb”.***

2.3.4 Vestiging van die Ubuntu ingesteldheid van Afrika

Ubuntu is ’n Afrika begrip met grootse betekenis vir die Afrika mens. Dit kom voort uit hulle geskiedenis en ontwikkeling en hou onder andere verband met die gebruike en tradisies in stamverband. Dit het ’n sterk sosialistiese inslag en word onderlê deur ’n kragtige samehorigheidsgevoel, ’n “ons”-gevoel, waardeur die gemeenskapsbelang vooropstaan. In Westerse terme sal ons kan sê dat dit beteken om “saam te staan, terwille van die gemeenskapsbelang”. Die Ubuntu ingesteldheid, in teenstelling met die sterk beklemtoning van die individu en die individualisme in die Westerse gemeenskap, moet derhalwe binne Afrika konteks verseker, ontwikkel en gevestig word.

Die tema van onderlinge hulpverlening en verdraagsaamheid is om dié rede baie belangrik in U.G.O.

Die kind moet dus gekondisioneer word tot volwaardige lid van die sogenaamde reënboognasie van die RSA, waarin hy alles en almal kan aanvaar, verdra en onderling ondersteun. Ter bereiking van hierdie onderlinge eendragtige gemeenskapsgevoel, moet Godsdiensgelykheid en “kleurblindheid” onder andere, daarvoor bewerkstellig word. So moet God Drie-enig byvoorbeeld gesien word as een van baie gode en nie as enigsins belangriker nie.

2.3.5 Die vestiging van globalistiese waardes en norme

Kinders moet in U.G.O., sogenaamd ’n kritiese houding aanleer. Krities het egter ’n gans ander en vir ons, onaanvaarbare betekenis. ***Dit beteken dat die eie geloof (godsdiens), die eie geskiedenis, die eie waardes en gebruike gekritiseer, bevraagteken en verwerp moet word en nuwe globalistiese waardes aangeneem en aangeprys moet word.*** Dit noem ons woordroof of semantiese bedrog.

Hierdie werkswyse is eie aan die ou Kommunistiese resep vir die onderwerping van verowerde volkere: Ontvriesing van die te onderwerpte volk uit hul eie waardes, norme en volksliefdes en dan die hervriesing in die nuwe kommunistiese waardes, norme en lewenstyl.

2.3.5 'n Onopvoedkundige benadering tot gesag

U.G.O. huldig 'n onopvoedkundige benadering tot gesag, dissipline en tug. Hierdie benadering gee aanleiding tot gesagsverval en gesagloosheid in hierdie skole. Dit weer mond uit in geweld, aanrandings, chaos en selfs moorde en selfmoorde in daardie skole. Veiligheidswagte word gevolglik 'n noodsaaklikheid by hierdie skole.

2.4 KRITIEK TEEN U.G.O.

2.4.1 Blatante indoktrinasie

Die primêre doel met U.G.O. ("O.B.E".) is om radikale sosiale verandering in die RSA te weeg te bring. Om hierdie rede is Resultaatgedrewe Onderwys onweerstaanbaar vir die swart politici en die globalisties georiënteerde onderwysbeplanners van die huidige Nasionale Onderwysdepartement van die RSA. Hierdie onderwyspraktyk mond gevolglik uit in die verpolitisering van die onderwys en is vanuit suiwer opvoedkundige perspektief totaal onaanvaarbaar. Gevolglik verword onderwys alhier, tot die blatante indoktrinasie van daardie leerlinge wat in sodanige stelsel vasgevang is.

2.4.2 Relativering van waardes en norme

Die uiteenlopende religieë, waardes, lewensopvattings en wêreldbeskouings soos vervat in die kurrikulum van U.G.O., bevat teenstrydige en onversoenbare beginsels en idees oor die grondvrae van die lewe. ***Dit lei daartoe dat alle waardes, norme en beginsels wat vir ons heilig en beklee is met die glans van ewige onvervalste geldigheid, gerelativeer word tot persoonlike opvattings, sonder die betekenis van absolute waarhede***. Dit word gevolglik afgemaak as irrelevant en nie algemeen geldend nie. So kan selfs die grootste idioot met die kundige in konfrontasie tree oor wat wesenlik van betekenis is!

Hierdie onderwysmodel gee daartoe aanleiding dat die gemeenskap besoedel word met 'n verskeidenheid van opvattings en selfs botsende opvattings, opvattings wat verkeerdelik met waarheid en geldigheid beklee word. My waarheid is gevolglik nie noodwendig ook jou waarheid nie. Dit land 'n mens onmiddellik voor die vraag van sinvolle en vredevolle naasbestaan.

Hierdie relativisme dra daartoe by dat geen bevredigende en vertroue wekkende antwoorde op die groot vrae van die lewe gegee kan word nie. So word kinders verwar en mislei, wat weer aanleiding gee tot die belewenis van sinloosheid van bestaan, identiteitskrisisse, 'n verlies aan hoop op die toekoms en die nodige verwagting en vertroue in die toekoms, depressie, gesagsverval, dwelmmisbruik, seksperversiteite en selfs selfmoord.

Begrippe soos "gewete" en "berou" word in dié verband betekenisloos.

2.4.3 'n Kultuur van geweld in U.G.O.-skole

Die kindbeskouing wat U.G.O. huldig, is humanisties en relativisties, met die verabsolutering van kinderregte, wat lei tot verregaande vergrype deur leerlinge. Bedink ons die uitspraak van Frederick Close, Direkteur van Onderwys in Washington, is dit baie waar ook vir U.G.O. in Suid-Afrika: ***"The fundamental tragedy of American Education is not that we are turning out ignoramuses but that we are turning out savages".*** As na die enorme toename van geweld in die openbare skole van die RSA gekyk word, dan is hierdie skole op dieselfde pad.: ..... "turning out savages"! 'n Kultuur van geweld en barbaarse optrede het die norm geword op verskeie U.G.O.-skole.

2.4.4 Aanslag teen die Christelike geloof, ons volksidentiteit en God Drie-enig

Die eie godsdiens, die eie taal, die eie geskiedenis en die eie identiteit is nie belangrik in U.G.O. nie, maar die globale identiteit van die wêreldburger en die Afrikamens se geskiedenis, moet geleer en gewaardeer word.

Dit blyk dat U.G.O. 'n direkte ondergrawing en aanslag is teen die Christelike geloof, teen ons volksidentiteit en teen die Drie-enige God.

Deur die verkondiging van 'n morele- en waarheidsrelativisme, word die volkseie en die ware geloof op so 'n subtiele wyse ondergrawe, dat die meeste onderwysers en ouers en ons predikante van veral uit die sogenaamde drie susterkerke, dit nie agter kom nie. Daarom dien sovele van hulle op die Bestuursrade van die staatskole, verleen hulle legitimiteit aan hierdie skole en bewys hulle die koninkryk van God hier in ons vaderland geen guns nie, in teendeel!.

2.5 OPVOEDKUNDIGE EVALUERING: DIE PRAKTYK VAN U.G.O.

2.5.2. Die skool as middel tot sosiale manipulasie (social engineering) en sosiale omvorming

Vanuit opvoedkundige perspektief is hierdie manipulasie en degradering van die skool tot politieke magsmiddel, totaal onaanvaarbaar.

Die skool se primêre taak is die voorsiening van opvoedende onderwys, of opvoedende onderrig en leer. Die skool se missie is die veredeling van ons kinders daarin, dat elkeen van hulle gehelp word om die mens te word wat hy veronderstel is om te word en te wees, kragtens sy Godgegewe talente en menswaardige potensiaal. Die kind mag nie geïndoktrineer en gedresseer word, soos 'n sirkusdier ter verwesenliking van die ideale en strewes van 'n partypolitieke groepering nie. ***Sodoende word ons kinders beroof van hulle unieke menswees en menswaardigheid. Hulle word gedegradeer tot politieke pionne in 'n partypolitieke magspel, ter verwesenliking van die ideaal van "mind control", as middel tot sosiale manipulasie en sosiale omvorming. Sonder slag of stoot word die kind suutjies-suutjies ingebind, as lid van die uniforme humanistiese reënboognasie van die RSA.***

Die opvoedingskriterium in dié verband:

Geen kind mag beroof word van sy unieke menswees en menswaardigheid nie en geen kind mag gedegradeer en geïndoktrineer word tot politieke pion ten dienste van ’n party- politieke magspel nie. Elke kind behoort gesteun te word tot die vrye verwerkliking van sy Godgegewe menswaardige potensiaal, tot die eer en verheerliking van God hier op aarde, tot sy eie vreugde en seën en tot seën van sy medemens.

Ten opsigte van hierdie opvoedkundige kriterium slaag U.G.O. nie die toets van gehalte opvoedende onderrig en leer nie. U.G.O.-sillabusse is ideologies gedrewe en stel in staat tot blatante breinspoeling, met die oog op sosiale manipulasie en omvorming van die Suid-Afrikaanse samelewing en die vestiging van ’n nuwe sogenaamde reënboognasie. Breinspoeling en blatante intellektuele manipulasie van die jeug, is opvoedkundig onaanvaarbaar.

2.5.2 Die aard en wese van die jeugdige op skool

Die Kinderantropologie toon duidelik dat elke leerling in die diepste van sy wese ’n diepe hunkering koester na geborgenheid, veiligheid, sekuriteit en hoop op die toekoms. Hierdie aspekte in die lewe van die leerling verskaf aan hom ’n veilige ruimte waarbinne hy / sy met vrymoedigheid en blymoedigheid kan lewe en sy / haar lewe kan geniet en dit uitbou. Binne hierdie veilige ruimte weet die leerling wat toelaatbaar is en wat nie. Dit bied aan die leerling vastheid en koers in sy lewe en open die moontlikheid van hoop op die toekoms, omdat die toekoms vanuit die veilige onbedreigde huidige situasie wink en lok.

Die opdwing van die verskillende religieë aan die leerling en die relativering van lewenswaardes en norme deur U.G.O., het ons leerlinge ontneem van daardie ewige vasthede, as daardie rigtinggewende ankers en boustene vir ’n koersvaste ontvouing van hulle lewenspad. ***Hulle is vasgevang deur verskeie onsekerhede, soos oor wie hulle is, waarheen hulle op pad is, onsekerhede oor die vraag of daar ’n toekoms is, onsekerhede oor die dag van more, oor volgende jaar, en so meer. Ja, ons jeug is beroof van al daardie lewensekerhede wat ons in ons jeugjare geniet het en waarop hierdie land opgebou is tot ’n puik Eerste-wêreldland.*** Tans merk hulle slegs verval en agteruitgang rondom hulle op: verval in die onderwys, verval in die paaie, verval in die hospitaaldienste, verval in die elektrisiteitsvoorsiening, verval in die polisiediens. Noem maar op!

Geen wonder dat die jeug die sin van hulle bestaan betwyfel en verloor en hulle oorgee aan sinlose bedrywe soos gesagsvergrype, ongedissiplineerde en onbeheerste optrede, dwelms, drank, seksmisbruike en geweld op skool. Dit blyk dat die jeug verraai en in die steek gelaat voel, deur die U.G.O.-onderwysbedeling.

Die opvoedingskriterium in hierdie verband:

Elke onderwysbedeling behoort aan sy skoolgaande jeug sinvolle toekomsperspektiewe, ’n kragtige selfbeeld en hoop op die toekoms te ontsluit. Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat U.G.O. ook nie in hierdie maatstaf slaag nie, maar die jeug jammerlik faal.

2.5.3 Die onderwyser as fasiliteerder in U.G.O.

In U.G.O. het die praktyk van die onderwyser as opvoeder-onderwyser, verword tot die van fasiliteerder van die leerproses by leerlinge. Die Nasionale minister van onderwys het nog onlangs weer oor die televisie dit gestel, dat daar doelbewus weg beweeg word van die gedagte van onderwyser-wees in die tradisionele sin, na dié van fasiliteerder.

Een van die implikasies hiervan, is dat weg gedoen word met die erkende en aanvaarde onderrig-leerverhoudinge in die klaskamer. Die onderwyser moet nie onderrig nie, maar moet fasiliteer. Vanuit opvoedkundige perspektief is hierdie situasie gedoem tot mislukking: Elke leerling is nog steeds 'n "nog-nie" en is aangewese op die onderwyser se aktiewe onderrigbemoeienis vir sinvolle leer en ontwikkeling. Verder is daar vir die grootste gedeelte van die leerlingbevolking van die openbare skole in die RSA ontoereikende naslaan bronne. Ook is 'n groot persentasie van die ouers van skoolgaande leerlinge ongeletterd, kan nie lees of skryf nie en kan gevolglik nie hulle kinders ondersteun en help nie. Voeg hierby dat 'n groot aantal van hierdie leerlinge nie oor Internetgeriewe beskik nie en gevolglik ook nie op hierdie wyse inligting en kennis kan bekom nie.

Bedink dit ook dat hierdie leerlinge oorlaai word met leerwerk, opdragte en take, asook 'n groot verskeidenheid van vakke, wat vereis dat die leerlinge baie ure tuis moet bestee aan hulle skoolwerk. Dit laat aan die jeug weinig geleentheid vir 'n persoonlike en private lewe. Ten einde die hoeveelheid werk te oorkom, word die konsensieuse leerlinge genoodsaak om ook selfs Saterdae en Sondae tyd aan skoolwerk te bestee. Hulle word sodoende beroof van hulle kosbare en sorgvrye jeugjare en gedwing tot die ontheiliging van die Sabbatdag. ***Kan die jeug verkwalik word, omdat hulle in opstand teen volwassenes en teen gesag is? Hulle lewens is deur volwassenes verwring tot 'n karikatuur van gesukkel en swaarkry.***

Kennisverwerwing op die U.G.O.-wyse, word dus vir die jeug en hulle ouers 'n gesukkel en 'n geploeter, wat eerder die jeug vervul met 'n teësin en afkeur in skoolse onderwys. Die swak akademiese prestasies van talle leerlinge en verskeie van hierdie skole aan die einde van matriek, getuig daarvan dat hierdie soort onderwys weinig vreugde vir onderwyser, ouer en leerling inhou.
Die opvoedingskriterium in hierdie verband:

Sinvolle en suksesvolle leer deur leerlinge, vereis dat die onderrigtaak van die onderwyser optimaal doeltreffend sal geskied. ***Die leerling moet onder andere doelbewus geleer word hoe om te konsentreer, hoe om te studeer, hoe om kennis in te win, hoe om kennis te verwerf, hoe om kennis in te prent, hoe om kennis op 'n verantwoordbare wyse weer te gee, hoe om gereeld en pligsgetrou te werk, hoe huiswerkopdragte hanteer moet word en vele meer.*** In besonder behoort die abstrakte denkvermoë van elke leerling doelbewus deur elke onderwyser optimaal ontwikkel te word en dit gebeur nie in U.G.O. nie.

Geen wonder dat hierdie stelsel in dié opsig 'n volslae mislukking blyk te wees.

Daar is egter steeds 'n aantal gewese blanke skole waar elemente van die ou onderwysbedeling beoefen word en waar goeie onderrig geskied. Dit geskied egter sonder die seën van die huidige Onderwysdepartemente.

2.5.4 Die opvoedende onderrigrol van die onderwyser

Tradisioneel was in die skole van die RSA opvoedende onderwys voorsien. Die implikasie hiervan was dat die onderrigtaak van die onderwyser aangevul was met 'n opvoedingstaak. Kennis was gevolglik nie slegs aangebied ter wille van die kennis nie, maar ter opvoeding en die ontsluiting van talente en van hoop op die toekoms, by die leerling. Die kennisinhoude wat oorgedra moes word, was sodoende veredel met bepaalde gesindhede en houdings, asook met bepaalde waardes en norme wat uit ons volkseie lewensbeskouing, lewenswaardes en liefdes voortspruit, terwille van die opvoeding, die veredeling van ons kinders.

As fasiliteerder verdwyn die onderrig-leertaak van die onderwyser grootliks en moet die onderrig van en die leer deur die leerlinge noodwendig daaronder ly. Geen wonder dat die matrikulante van die staatskole nie na behore kan lees, skryf en reken nie!

Die optimale ontsluiting van die leerling op geestelike, psigiese, dit wil sê intellektuele, emosionele en sy wilsaspekte, asook die fisieke aspekte van die leerling se menswees, vereis van die skoolse opvoedende onderrig en leer, dat die opvoedingsituasie in al sy geledinge optimaal voltrek moet word. Dit impliseer dat die opvoedingsituasie doelbewus deur die onderwyser gekonstitueer moet word, met sy wesenlike elemente van:

* die opvoedkundige liefde, waardeur elke leerling as't ware my kind word en ek vir hom / haar verantwoordelikheid aanvaar, asof dit my eie kind is;
* die opvoedkundige begrypingsverhouding of kenverhouding;
* die opvoedkundige vertrouensverhouding;
* die opvoedkundige gesagsverhouding waardeur die leerling toelaat dat hy / sy gesê word en dat hulle dit spontaan aanvaar en gehoorsaam.

Hiersonder is opvoedende onderwys nie moontlik nie en kan die positiewe menswaardige potensiaal wat versluier lê in elke leerling, nie optimaal ontsluit word nie. Indien so, word die leerling nie wat hy / sy kan en behoort te word nie. Hierdie soort onderwys laat die jeug wat aan hulle toevertrou is, in die steek.

Die effek van hierdie verwaarlosende en verskraalde opvoedingshandeling in en deur U.G.O., is vernietigend vir die leerlinge. Die leerling mis die intieme ondersteunende persoonlike en bemoedigende bemoeienis van die opvoedingsgedrewe onderwyser. Dit moet onthou word dat leerlinge tot op 'n laat stadium in hulle lewens grootliks vanuit hulle gevoel lewe en daarom kry ons dan ook, dat hulle graag goeie skoolwerk doen vir daardie onderwysers van wie hulle hou of vir wie hulle lief is. ***Onlangse navrae by een van ons groot universiteite, laat blyk dat bogenoemde opvoedkundige toerusting nie meer in die opleiding van U.G.O. onderwysers voorsien word nie.*** Met ander woorde, hierdie nuwe geslag onderwysers van die U.G.O.-bedeling, dra nie na behore kennis van grondige opvoedkundige en opvoedingsaangeleenthede nie. Die ontwikkeling van leerlinge wat aan sodanige situasie uitgelewer is, kan nie optimaal geskied nie.

Ten opsigte van hierdie opvoedingskriterium slaag die U.G.O.-model nie die toets nie.

2.6 OPVOEDKUNDIGE EVALUERING: DIE UITKOMS VAN U.G.O.

Die skoolbevolking van die openbare skole, bestaan tans uit slegs leerlinge wat die produk is van die U.G.O.-onderwysbedeling.

Die uitkomste van U.G.O. kan gevolglik nie meer gekontamineer wees deur ander stelsels nie. Die situasie van ons leerlinge in die openbare skole is tans volledig die resultaat van die U.G.O.-bedeling.

Die volgende aspekte spreek boekdele:

1. Slegs bykans ’n derde van daardie leerlinge wat tot Graad 1 toegelaat word, dring tans deur tot Graad 12.

2. Hierdie een derde skryf dan ’n openbare eindeksamen vir Graad 12 in die verskillende provinsies. Jaarliks moet groot blokaanpassings van die roupunte aan die einde van die matriek-eksamen gedoen word, sodat die resultate tog nie te sleg moet lyk nie. Hierdie praktyk stel darem in staat dat slaagpersentasies van tussen bykans 50% tot 80% behaal word, deur die verskillende provinsies.

3. Die akademiese standaarde wat tans in die openbare skole in matriek behaal word, is so bedenklik dat die rektore van plaaslike Universiteite jaarliks kla dat eerstejaarstudent nie in staat is tot basiese denkvaardighede ten opsigte van lees, skryf en rekene nie. Die situasie is so kritiek dat ons plaaslike universiteite tans in die beplanning daarvan is, om hulle voorgraadse studie met een akademiese jaar te verleng, ten einde die studente eers toe te rus vir universiteitstudie.

   Die bedroewendheid van hierdie situasie spreek duideliker as in gedagte gehou word dat van ons matrikulante, onder die ou bedeling en wat akademies goed gedoen het, aan sommige Amerikaanse universiteite tot op tweede jaarvlak toegelaat is. Tans word ons matrieksertifikaat (U.G.O.) nie eers oorsee aanvaar nie, asook nie ons grade wat in die nuwe bedeling verwerf is nie

4. U.G.O. rus voorts ook nie ons leerlinge toe vir ’n sinvolle toetrede tot die arbeidsmark nie. Die noodroep om die nodige toetree vaardighede vir die beroepslewe, klink elke dag in ons koerante op, terwyl daar talle matrikulante is wat nie werk kan kry nie.

   Hierdie situasie is so kritiek dat Solidariteit tans deur SOL-TECH, besig is met die vestiging van ’n eie opleidingsinstelling om in hierdie behoefte te voorsien en om aan matrikulante ’n lewensbestaan en loopbaan te bied.

5. In die U.G.O.-bedeling het die openbare skole verval tot instellings wat grootliks aangewend word vir “crowd control”. In ’n gesprek van mnr. Freek Robinson met mnr. Roelf Meyer, gewese minister in die ou bedeling, stel mnr. Meyer dit onomwonde dat hulle navorsing bevind, dat meer as 80% van die staatskole tans disfunksioneel is. Die implikasie is dat daar tans in minder as 20% van die staatskole funksionele onderwys plaasvind (Fokus, Sondagaand, 16 November 2008).

6. Gesag en dissipline het grootliks verval in talle van die openbare skole onder U.G.O. Dissiplinêre probleme vir onderwysers en skoolhoofde, asook geweldsmisdade, soos aanrandings, selfs moorde en seksuele vergrype in sommige skole, het in hierdie bedeling algemene praktyk geword. Ongelooflik om te glo, maar die aandrang bestaan tans dat veiligheidswagte by hierdie skole voorsien moet word.

2.7 SAMEVATTENDE EVALUERING VAN U.G.O.

Dit is tans duidelik dat U.G.O., wat die onderrig van ons jeug betref, lelik gefaal het. Verskeie redes hiervoor kan aangevoer word en enkeles daarvan is dan ook alhier aangetoon. Die hoofrede hiervoor is waarskynlik te vinde in die feit dat dit in die U.G.O.-stelsel nie fundamenteel gaan om gehalte onderrig en leer nie, maar om die ideologiese doelstellings van die ANC en sy bondgenote. Ironies, dat enkele prominente ANC-lede in die tweede laaste week van November 2008, uitroepe laat opklink dat U.G.O. gestaak moet word!

2.8 UITKOMSGERIGTE ONDERWYS! QUO VADIS?

Die vraag ontstaan: Waarheen nou met ons kinders?

Dit het tyd geword dat die kontras tussen U.G.O. en die Christelik-volkseie Onderwys-benadering (C.V.O.-benadering) duidelik en helder aangetoon moet word.

Wat egter tans duidelik is, is dat in lyn met die oppervlakkige tydgees en die aanbidding van die sportafgod, is die Afrikaner-ouer nie bereid om aan homself / haarself fundamentele vrae met betrekking tot die onderwys van hul kinders te vra nie. Dit wil voorkom asof die leun van U.G.O. so groot is, dat ouers dit nie kan of wil glo nie. Saggies en rustig ingebed in die lou bedwelmende water van die misleidende transformasieproses van U.G.O., vermy ons ouers die implikasies van die doopgelofte. En hierin word hulle gesteun deur ’n groot groep predikante van die sogenaamde susterkerke, wat op die Bestuursrade van die openbare skole dien.

Vir die meeste ouers gaan dit steeds oor die sport, sportdeelname en sportprestasies van hulle kinders en word gevolglik steeds die ou openbare skole met goeie sport-geriewe verkies bo Christelik-volkseie skole. Hierdie ouers wil nie aanvaar dat ook hierdie sogenaamde tradisionele goeie Afrikanerskole, vasgevang is in die net van U.G.O. nie. ***Daar is ’n skynbare onvermoë by hierdie ouers om die leuen van U.G.O. te begryp. Hulle kan eenvoudig nie aanvaar dat dit hier gaan om die transformasie van die denke, denkinhoude, die gewete, die geloof en die voortbestaan van die gelowige kind en sy volkseie bestaan nie.***

Op die oomblik is ons volk letterlik besig om ten onder te gaan as gevolg van ’n gebrek aan kennis. Indien daar voortgegaan word op die huidige weg van die U.G.O. gaan die Afrikanervolk, soos hy tradisioneel verskyn het, verdwyn. ***Daar sal nog blankes wees wat Afrikaans praat, maar met ’n totaal ander geestesinhoud. Dit sal die blanke humanistiese wêreldburger wees, wat oral en gemaklik op alle plekke en in alle situasies sal kan aanpas en inpas.*** Die volkseie aard, kultuur, norme en waardes sal plek maak vir dié van die humanisties en sosialistiese wêreldburgery.

Die groot vraag en opgawe is hoe om hierdie kennis by ouers, onderwysers en die betrokke predikante uit te kry?

3. DIE C.V.O.-BEDELING

In die antisipering van die te verwagte onderwysprobleme met die oorname van die landsregering deur die ANC, het vanuit volksgeledere ’n Christelik-volkseie onderwysbedeling gestalte verkry. Kragtens die grondwet van die RSA word hierdie

bedeling, die B.C.V.O.-bedeling deur die regering geduld. Dit word egter nie deur die owerheid op ’n lewenskragtige wyse befonds nie. B.C.V.O.-skole is privaatskole wat deur ouers opgerig en befonds word.

3.1 TIPERING VAN DIE C.V.O.

Christelik-volkseie Onderwys (C.V.O.) kan getipeer word as daardie onderwys wat voortvloei vanuit die aksies van verbondsouers om hulle doopgelofte na te kom: met ander woorde om te verseker dat hulle kinders onderrig sal word in en op grond van die onverbloemde Woord van God en die Christelike leer. Ook glo die betrokke ouers dat die feit van hulle volkskap, ’n God gegewene is en dat hulle derhalwe hierdie volk waartoe hulle behoort, met liefde en verantwoordelikheid moet koester en hulle kinders sodanig sal opvoed en dat die ander volkere ooreenkomstig, gerespekteer sal word.

Genoodsaak deur die feit dat die woord “Christelik” in die huidige tydsgewrig so ’n wye betekenis verkry het, word “Christelik” deur die B.C.V.O. getipeer as Christelik Gereformeerd. Gereformeerd dui op die wortels en riglyne van die Kerkhervorming, waar weg gedoen is met die dwaalleer van die Katolieke Kerk. Enkele belangrike wegwysers is:

* die soewereiniteit van God Drie-enig;
* die onfeilbare Woord van God as volkome waar en komende van God self;
* verlossing, vergiffenis en redding geskied alleen op grond van die soenverdienste van Jesus Christus en die aanbidding van Hom as die Enigste Verlosser, Hy die gekruisigde en opgestane Heer, seun van die Lewende God;
* die wederkoms van Christus, die herstel van die eer en heerlikheid van God Drie-enig op aarde en die vestiging van die koninkryk van God Drie-enig hier op aarde.

3.2 WAT BETEKEN C.V.O.?

Die akroniem C.V.O. beteken: Christelik-volkseie Onderwys. Kernagtig gestel is dit onderwys deur Christen onderwysers uit ons volk, aan die kinders van ons volk, op Christelike grondslag.

Ten einde te begryp wat met Christelik-volkseie Onderwys bedoel en verstaan word, word ’n saaklike uiteensetting gegee van die grondbeginsels van C.V.O. en word aangedui wat met hierdie onderwysmodel bedoel en bereik wil word.

3.3 DIE WESE VAN C.V.O.

Sonder om in ’n diep opvoedkundige, filosofiese of teologiese bespreking hieroor te verval, kan die grondbeginsels van die C.V.O.-model samevattend, soos volg gestel word.

3.3.1 Die eis van die doopgelofte

Die C.V.O.-benadering noodsaak tans dat Christelik-volkseie skole deur Afrikanerouers opgerig en bedryf word, ten einde toe te sien dat hulle doopgelofte uitgevoer word. (Graag sou ons wou sien dat die regering hierdie onderwysbedeling volledig erken, finansier en op lewenskragtige wyse bemoontlik).

Die C.V.O.-benadering is in 'n sekere opsig nie net in die R.S.A gemunt en gegrondves nie, maar het al by Daniël beslag gekry:

Toe al is gepoog om die denke, die denkinhoude en gesindhede van Daniël en sy vriende te verander deur hulle taal, hulle gebruike, hulle voedsel, hulle name en hulle geloof te verander. Omdat hulle aan hulle God en die volkseie vasgehou het, het God aan hulle wysheid, verstand en bekwaamheid gegee.

Is dit nie waarom dit gaan nie: die waarheid en die wysheid van God? Is dit nie wat ons vandag nodig het nie? Wat weet die mense van ons land van die waarheid en die wysheid?

In die C.V.O.-skole word die Bybel, as die onfeilbare Woord en Wil van die HERE GOD aanvaar en erken. Dit geld die oppergesag van die HERE GOD, van sy Woord en Plan van redding, alleen deur Jesus Christus ons Verlosser.

Hier is geen sprake van die relativering van waardes nie. Die waardes en die norme soos vervat in die Bybel, is beklee met ewigheidswaarde, is absoluut en is gevolglik onveranderlik, ewig vas en waar.

Die kinders in hierdie bedeling, is gevolglik nie uitgelewer aan allerlei onsekerhede nie. Hulle weet dat ons op pad is na ons ewige bestemming met ons Hemelse Vader, terwyl ons hier op aarde leef tot sy eer en verheerliking, tot die seën van ons naaste en God se skepping, asook tot die seën en geluk van hulle self.

3.3.2 Die C.V.O.-benadering is spesifiek

Die C.V.O.-benadering tot onderwys, is 'n baie spesifieke en besondere benadering. Dit groei uit die waarheid, die wysheid en die liefde wat verborge is in die Woord van God, want alleen dit wat gegrond is op die Wil en Woord van God Drie-enig kan stand hou. Slegs op hierdie grondslag kan die mens kom tot egte geloofsvertroue, geloofsekerheid en 'n diepe innerlike vrede met homself, sy naaste en sy omstandighede. Christus stel dit baie duidelik: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die ..... "(Joh 14:6). Ja, Hy is die alles!

Die onderwyssituasie in die B.C.V.O.-skool word dan ook daaraan gekenmerk, dat die onderwyser in liefde en dankbaarheid buig voor die Majesteit, Heerlikheid en Almag van God Drie-enig, in sy bemoeienis met die leerlinge. Hierdie onderwyser weet dat hy deur die HERE GOD geroep is om hierdie kind in sy menswording te steun en te lei op sodanige wyse, dat hy sy aardse bestemming met grasie en heerlikheid sal kan vervul, terwyl hy koersvas op weg is na sy ewige bestemming.

Hierdie onderwyser weet dat Christus self op die voorhoof van elkeen van sy kinders geskryf het: "**Mag nie skend nie**!" en hierdie wet word met deernis volvoer.

Die Agapé liefde van Christus, daardie liefde wat in staat stel om mekaar lief te hê, afgesien van wat gebeur het, desondanks alles wat gesê is, vorm die goue binddraad tussen onderwyser en leerling in die opvoedende onderrig-leersituasie in die C.V.O.-skool. In hierdie buig voor die Almag en Majesteit van die HERE GOD, word die leerstof die oopvlekking van die handewerk van die Alwyse in Sy tot stand brenging van alles wat is, wat was en wat sal wees!!

Sodoende word die kind veredel met die mooie en die asembenemende wonders wat verborge lê in die Skrif en in die leerstof, asook met die mooiste en die edelste wat die onderwyser vanuit sy menswees as kind van die lewende GOD, aan te bied het.

3.3.3 Die siening van gesag in die C.V.O.

Die C.V.O.-benadering tot gesag is gegrond in die Woord van God. Dit vermaan die ouer om sy kind te tugtig, indien nodig. Trouens die Woord gee aanduidings daarvan dat indien ons, ons kinders lief het, dan sal ons hulle tugtig en nie maar laat gaan nie. Die voorbeeld van Eli en sy seuns is sprekend (Sam 2: vanaf vers 22). ***Die liefdevolle gesagsuitoefening van die ouer bou die veilige mure rondom ons kinders en skep sodoende die veilige ruimte waarbinne hulle, hulle lewens kan geniet en kan gedy.*** Sonder die simpatieke gesagsleiding van 'n sedelik selfstandige volwassene, kan 'n kind nie daardie mens word wat hy kan en behoort te word nie. Daarsonder vervloei sy potensiaal in allerlei onbenullighede.

Trou aan die menseregtekultuur van vandag, word ons kinders onder die invloed van kinderregte geleer, om die gesag van hulle ouers te verwerp, om ongehoorsaam en parmantig te wees. Hulle eis die reg op om self te besluit wat reg en verkeerd, wat goed en kwaad is. Hulle is egter nog nie sedelik selfstandig en daartoe in staat nie. Trouens, kinders is uitstekend toegerus om hulle self te skaad en te vernietig. 'n Laat-maar-gaan optrede word eenvoudige dwaasheid genoem. Die jeug kan nie aan hul eie willekeur uitgelewer word nie. Dan is ons inderdaad besig om "savages" in ons gemeenskappe los te laat.

Skrifgetrou word in die B.C.V.O.-bedeling geglo, dat ons kinders gesag moet leer ken en gehoorsaam: Dit geld onder andere die gesag van die HERE GOD, die gesag van die ouers, van die onderwysers, van landswette, reëls en regulasies. ***Gesagsgehoor-saamheid is 'n skrifbeginsel en die vrywillige onderwerping aan sinvolle gesag, skep die lewensruimte vir harmonie, vrede, vreugde, veiligheid en geluk.***

Die C.V.O.-skool wil dan ook 'n stukkie Christelike jeuggemeenskapslewe wees, waarin onderwyser en leerling saamgebind in die band van die Agapé liefde van Christus, goeie skoolwerk doen in die wete dat dit tot eer en verheerliking van die HERE God is en behoort te wees. Alles word gedoen asof vir die HERE self!

Die implikasie is dat die opvoedkundige situasie in al sy geledinge in die C.V.O.-klaskamer in funksie tree. Sodoende kan egte opvoeding tereg kom en kan opvoedende onderrig en leer geskied.

Ongeletterdheid het nog altyd bestaan en het beteken dat iemand nie opgevoed is nie. In die U.G.O. in ons land, het dit nou die betekenis verkry dat juis ook die sogenaamde geskoolde, ongeletterd is, want hierdie stelsel kweek geleerde barbare.

3.3.4 Die onderrigsituasie in C.V.O. is kennisgedrewe

Die onderrigsituasie in die B.C.V.O. word getipeer as kennisgedrewe. Die implikasie is dat die kennis, soos opgesluit in die sillabusse, beskou word as bron vir die verwerwing van kennis, denkvaardighede, gesindhede, houdings en waardes, asook vir die ontwikkeling van die abstrakte denkvermoë van die leerling.

Die B.C.V.O.-benadering vermy die U.G.O.-benadering van uitkomsgedrewe onderwys. Die bestrewing van spesifieke uitkomste kan ewe maklik lei tot die dressering van leerlinge met betrekking tot daardie bepaalde uitkomste. ***Dit impliseer dat die abstrakte denklaag onvoldoende gestoffeer word met denkvaardighede soos onder andere: vermoë tot konsentrasie, kennisverwerwing, sistematiese denke, verantwoordelike denke, ordelike denke, logiese denke, kritiese denke, verantwoordbare denke (rekenskapgewing), analitiese denke, sintetiese denke, verbandlegging, evaluerende denke en toepassingsvaardighede.***

Kennisgedrewe onderwys, behels veel meer as uitkomsgerigte onderwys. Dit wil inderdaad die leerling toerus om sy breinkrag op verantwoordelike, sistematiese en kreatiewe wyse te kan toepas in die mees vreemde en uitdagende omstandighede.

Kennis, kennisverwerwing, kennisvaslegging en die kreatiewe benutting van kennis, is inderdaad een van die grondslae waarop die Westerse beskawing gebou is.

3.3.5 Die B.C.V.O.-benadering behels waardes, norme en gesindhede

Die B.C.V.O.-benadering behels ook dat bepaalde waardes, norme, gesindhede en ’n lewenstyl by die betrokke leerlinge vasgelê word. Hierdie toerusting spruit uit die lewens- en wêreldbeskouing van ons volk, waarin die Christelike geloof sentraal staan, met aanvullend die liefde vir die eie. ***Hierdie benadering het nie breinspoeling of indoktrinasie ten doel nie, maar het ten doel om aan te sluit by die ouerhuis en om sodoende die kind verder te versterk in daardie grondliggende waardes, norme en gesindhede wat voortspruit uit ons Christelike geloof.*** Dit word gesien as noodsaaklike toerusting van die leerling, vir sy veilige opwegwees na sy ewige bestemming, maar ook vir ’n sinvolle, harmoniese en vredevolle lewe in die volksgemeenskap.

3.4 KRITIEK TEEN DIE C.V.O.

Die C.V.O.-model het tans uitgegroei tot meer as 50 skole. Dit is egter nie groot in getalle nie.

Indien kritiek uitgespreek moet word, is dit dat die B.C.V.O.-beweging, die ouers en die onderwysers nie daarin kon slaag om die vertroue van ouers op groot skaal te wen nie. Sodoende kon ons skole nie uitgroei tot borrelende fonteine van lewensvreugde en lewenslig in ons gemeenskappe nie.

In hierdie verband moet ernstig besin word oor strategieë vir die kragtige uitbou van die B.C.V.O. as sodanig en van die C.V.O.-skole in die besonder. Besondere aandag moet gegee word aan reklame en die uitbouing van die houkrag van ons skole.

Dit wil voorkom asof die B.C.V.O. meer daadwerklik betrokke sal moet raak by skole ten einde doeltreffende bestuur, verhoogde doelmatigheid van ons skole, gehalte onderwys en ouertevredenheid te verseker. Deskundige vakleiding aan onderwysers en skoolhoofde in dié verband raak ’n al dringender vereiste. Hierdie vereiste noodsaak onder andere die vestiging van ’n Kurrikulumsentrum, van waaruit ons Sillabusse wetenskaplik ontwikkel kan word en van waar deskundige vakleiding aan onderwysers gegee kan word. Dit impliseer dat die grondslae van ’n volkseie Onderwysdepartement gelê moet word.

3.5 OPVOEDKUNDIGE EVALUERING: DIE PRAKTYK VAN C.V.O.

3.5.1 Algemeen vormende onderwys

Die B.C.V.O.-skole voorsien algemene opvoedende onderwys wat in gedagte het, ’n jeugdige wat in sy menswaardige potensiaal optimaal en gebalanseerd ontwikkel is. Dit voorsien dus algemeen vormende onderwys wat die leerling geestelik, psigies en liggaamlik ontwikkel, volgens sy eie vermoëns.

Elke leerling word gesien as uniek en kosbaar. Daarom word die beginsel van prestasie volgens vermoë, by die leerlinge tuisgebring en word elke leerling gesteun om volgens sy vermoë te presteer. Hy word dan ook doelbewus gesteun tot die verwerwing van die persoonlike inslag van: prestasie volgens vermoë. Slegs daarmee behoort hy tevrede te wees. Sodoende word die leerlinge ook bevry van die uiters nadelige gevolge van onderlinge kompetisie in die punte wat verwerf word, naywer en jaloesie.

C.V.O voldoen sodoende in hierdie opsig, aan die grondliggende opvoedkundige kriteria wat aan ’n skool as opvoedende onderwysinstansie gestel word.

Hierdie benadering is opvoedkundig verantwoord en korrek.

3.5.2 Die onderrig-leerfunksie is die kernfunksie van die skool

Die skool word gesien as sosiale stelsel met deurlaatbare grense en verskillende substelsels. Die doeltreffende en doelmatige funksionering van die skool vereis dat al die substelsels in onderlinge harmonie en balans ontwikkel moet word. Kragtens die feit dat dit skool is, behoort die opvoedende onderrig-leersubstelsel primêre status in ’n skool te geniet.

Die C.V.O.-skool is primêr kennisgedrewe. Gevolglik geniet die opvoedende onderrig-leersubstelsel voorkeurstatus in ’n B.C.V.O.-skool .

Hierdie benadering in C.V.O.-skole is opvoedkundig en onderwyskundig verantwoord en korrek.

3.5.3 Die ware skool voorsien opvoedende onderwys

Onderwys is veel meer as slegs die oordrag van kennis. Indien onderwys slegs die oordrag van kennis sou beteken, sou skole geleerde barbare in die gemeenskap kon loslaat. Die opvoedende onderwyssituasie in C.V.O.-skole , is gegrond op die opvoedkundig erkende opvoedingsituasie met sy deelstrukture, wat verwerklik word binne die opvoedingsverhoudinge van onderwyser tot leerling. Hierdie skole voorsien gevolglik opvoedende onderwys in die volle sin van die woord.

Hierdie kriterium laat blyk dat C.V.O.-skole aan die eis wat aan ’n ware skool gestel word, voldoen. Opvoedende onderwys is nie net opvoedkundig wenslik nie, maar is ’n opvoedkundige eis.

3.5.5 Geborgenheidsbelewing as veiligheidsruimte van waaruit die leerling kan waag

Die leerling moet dit met homself, sy onmiddellike omgewing, sy toekoms en selfs met onsekerhede kan waag, ten einde optimaal te kan ontwikkel. ***Hierdie waaghouding spruit voort uit die diepe, innerlike belewing van geborgenheid en veiligheid.*** Indien die leerling geborge en veilig voel, kan hy / sy dit waag om die onbekende te eksploreer.

Hierdie waaghouding is aanvanklik deur die ouers ontsluit en word verder uitgebou deur onder andere die C.V.O.-skool. Geborge in die liefde van die Almagtige God en gekoester in die Agapé liefde in die klaskamer, kan die leerlinge dit met vertroue waag met die onbekende leerstof.

Geborgenheid as veiligheidsbelewing van waaruit die kind kan waag en gedy, is opvoedkundig verantwoord en korrek. Daardie diepe innerlike vertroue om dit met die onbekende te mag waag, is ’n absolute vereiste vir die ontwikkeling van die leerling.

3.5.5 Hoop op die toekoms

Die kind se “lewe” is verborge in die toekoms. Dit beteken dat die leerling hom moet uitreik na sy persoonlike toekoms. Dit vereis egter dat die toekoms die jeugdige moet lok en wink, die toekoms in. Die jeugdige is hiertoe alleen in staat, indien hy hoop op daardie toekoms het en indien hy veilig voel om dit te waag met die toekoms.

Geen kind, trouens geen mens kan waarlik lewe sonder hoop op die toekoms nie.

Die Christelike aard en karakter van die C.V.O.-skool leen hom uitstekend daartoe om die leerling in te bind in fundamentele waarhede van die gelowige menswees.

Hierdie skool stel die opvoeder daartoe in staat, om in die onseker tye waarin die mens van die een-en-twintigste eeu gedompel is, aan die leerlinge vastheid en sekerheid tuis te bring, deur onder andere die grondwaarhede van ons geloof vir elke leerling tuis te bring, soos:

* dat hy / sy ’n geskenk van die HERE GOD aan sy ouers is;
* dat hy / sy daarom baie kosbaar is;

* dat elkeen van ons deur die liewe Heer na die aarde gestuur word vir ’n doel. Sy / haar lewe is daarom nie doelloos en sinloos nie;
* dat die God wat ons aanbid onder andere die God van liefde is, en Hy het ons lief met ’n liefde wat geen einde het nie;
* dat hy / sy dus veilig in die hande van die Almagtige God is, wat alles kan en alles ken, hoe onseker tye ookal mag wees, ons God is steeds in beheer.

Voorts voorsien die C.V.O.-skole onderwys van gehalte en bring hulle ons leerlinge op ’n akademiese peil wat hulle in staat stel tot ’n geloofwaardige matrieksertifikaat. Hierdie sertifikaat rus hulle onder andere toe vir verdere studie aan inrigtings vir naskoolse studie. C.V.O. steun die leerlinge doelbewus om hulle talente en hoop op die toekoms te ontsluit, deur die gehalte van die onderwys wat voorsien word.

Sodoende open hierdie skole werklik hoop op die toekoms, vir ons leerlinge.

Die kriterium van die ontsluiting van hoop op die toekoms, is ’n opvoedkundige noodsaaklikheid en is opvoedkundig verantwoord.

3.5.6 Individualisering van die onderwys

Die lengte van onderrigperiodes en die klasgroottes, is deurslaggewend vir die suksesvolle invoering van die begrip van die individualisering van die onderwys. Ons weet dat ’n een-tot-een verhouding tussen onderwyser en leerling die gunstigste onderrig-leersituasie is. Periodes van 30 minute en klasgroottes van 40 en meer leerlinge, impliseer dat daar nie ’n minuut per leerling beskikbaar is vir persoonlike hulp aan leerlinge nie. Tog weet ons dat persoonlike hulp aan leerlinge dikwels noodsaaklik is. Hierdie situasie in U.G.O. maak dit haas onmoontlik vir die indivualisering van die onderwys en vir die verlening van persoonlike hulp aan leerlinge met leerprobleme.

Individualisering van die onderwys kan geredelik in C.V.O.-skole gerealiseer word, omdat die klasse in hierdie skole klein is. Die beperkte klasgroottes in hierdie bedeling maak nie net individualisering moontlik nie, maar dit stel ook die onderwysers in staat daartoe om die kinders sodanig persoonlik te ken, dat die onderwysers weet wat die persoonlike leerbehoeftes van elke leerling in hulle klas is. Die opvoedkundige eis van die individualisering aan die onderwys, word geredelik in C.V.O.-skole voltrek.

3.5.7 Die buite kurrikulêre program in diens van opvoedende onderwys

Die buite kurrikulêre program van die B.C.V.O.-skole is gerig op die gebalanseerde ontwikkeling van die leerling. Hierdie onderwys is gerig op die intellektuele ontwikkeling, sowel as die ander dimensies van menswees.

Voorsiening word derhalwe vir die geestelike ontwikkeling gemaak deurdat Bybel- onderrig verpligtend is tot aan die einde van Graad 12. Ten einde die belangrikheid hiervan te beklemtoon, moet ’n leerling Bybelonderrig slaag, ten einde sy graad te kan slaag. Voorts word hierdie verankering aangevul met saalopeninge en Wydings-geleenthede, soggens in registerklas verband.

Op kultuurgebied is ’n groot verskeidenheid van aktiwiteite ontwikkel om aan so ’n groot as moontlik groep leerlinge geleenthede te bied tot deelname. So vind gereelde Bybelvasvrakompetisies, kultuurgeleenthede soos redenaarsgeleenthede, kore, skoolkonserte, revue, voordrag, lees en skaak plaas.

Voorsiening word vir ’n verskeidenheid van sportsoorte getref, soos byvoorbeeld: atletiek, rugby, netbal, hokkie, tennis. In hierdie verband is die jaarlikse Wintersportnaweek ’n hoogtepunt, waar die leerlinge in Provinsiale verband teen mekaar meeding en kan kwalifiseer vir SA-kleure.

Belangrik om te besef, is dat hierdie aanvullende en verrykende aktiwiteite nie verafgood en doel op sigself word nie. Dit word nie toegelaat om die kernwerksaamheid van die skool, naamlik opvoedende onderrig en leer, te verdring nie, maar om dit te ondersteun.

Ook aan hierdie opvoedingskriterium, naamlik die voorsiening van ’n gebalanseerde en ’n verrykte en stimulerende opvoedingsmilieu, voorsien die C.V.O.-bedeling op voortreflike wyse.

3.6 OPVOEDKUNDIGE EVALUERING: DIE UITKOMSTE VAN C.V.O.

3.6.1 Die gehalte van onderwys in die B.C.V.O.

C.V.O.-skole volg sillabusse wat in hulle oorsprong deur die ou Transvaalse Onderwys Departement ontwikkel is. Hierdie sillabusse is op grond van wetenskaplike navorsing en verskillende besoeke aan Westerse lande in dié verband, ontwikkel. Dit was die grondslag van die hoë akademiese peil in die onderwys van die RSA voor 1994. ***Hierdie gehalte onderwys was weer die fondament waarop ons plaaslike universiteite hul hoë akademiese prestasies kon bereik en wat die grondslag was vir die hoë beskawingspeil wat ons blanke volk in Afrika kon vestig.***

Hierdie sillabusse is van tyd tot tyd hersien, aangevul en verryk. Dit stel hoë akademiese en verstandelike eise aan die leerlinge, met betrekking tot inhoud en standaarde. Soveel so, dat ons matrikulante gesog is by ons plaaslike Afrikaanse universiteite. Hierdie universiteite is jaarliks in kompetisie met die werwing van ons matrikulante.

3.6.2 Die peil van onderrig en leer

Een maatstaf waaraan die peil van onderrig en leer gemeet kan word, is die akademiese uitslae aan die einde van die jaar. Eerstens kan gekyk word na die druipsyfer in ons skole as geheel. Dit blyk dat die gemiddelde druipsyfer rondom die 1% draai en selde 2% bereik, of oorskry. Hierdie akademiese suksesse kan grootliks aan gedifferensieerde en persoonlike hulp, aan die leerlinge in hierdie model toegeskryf word.

Vervolgens moet noodwendig gekyk word na die matriekuitslae. Die matriekuitslae van die B.C.V.O.-skole wissel jaarliks tussen 95% en 96%, wat beduidend hoër is as die van die staatskole met U.G.O. ’n Groot aantal van hierdie leerlinge verwerf matriekvrystelling en is gesog by ons plaaslike universiteite en is boonop van hulle toppresteerders. ’n Pluimpie vir B.C.V.O. in dié verband is dat, waar die matrieksertifikaat van die huidige staatskole tans nie

oorsee aanvaar word nie, is daar van die oudleerlinge van die B.C.V.O. wat tans aan Australiese universiteite, met sukses studeer.

Die feit van die hoë gehalte van die akademiese werk wat in die B.C.V.O.-skole bereik word en die feit dat ons matrikulante gereed is vir universiteitstudie, impliseer dat ons

leerlinge nie behoefte het aan die oorbruggingsjaar, soos beoog deur die plaaslike universiteite nie.

4. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Samevattend kan die volgende gestel word.

4.1 U.G.O.

Die onderwyskundiges van die U.G.O.-bedeling probeer ’n dubbelloop benadering volg: naamlik die ideologiese en ook die onderwyskundige. Dit blyk egter dat die fokus in U.G.O. primêr, die ideologiese aspek is. Gevolglik moet die suiwer akademiese onderrig- en leerwerksaamhede van die skool daaronder lei. Die praktyk en die resultate van U.G.O. bevestig dit dan ook.

Nie die aanleer van individuele denkvaardighede nie, soos insigtelike leer wat gepaard gaan met die vermoë tot inprenting, memorisering, reproduksie, abstrakte denkvermoë, kritiese, logiese en verantwoordbare denke staan voorop nie, maar “groepsleer” is hier baie belangrik. Dit spruit voort uit die idee van Ubuntu. Groepwerk staan derhalwe sterk voorop, sodat baie take in groepsverband gedoen moet word. Die praktyk toon dat die intelligente leerling / e die werk doen en almal in die groep profiteer daarby. Hier is weinig sprake daarvan dat die swak leerling homself uitpresteer as ’n onderpresteerder. Die sterk en harde werkers sorg dat die swakkes ook slaag. Druiping vind dus nie geredelik plaas nie en die effek hiervan word gedemonstreer deur die swak akademiese standaarde van matrikulante.

Die lewensbeskoulike vervreemding van ons kinders van die waardes en norme van ons volk, is vir diegene van ons wat lief is vir ons volk, onaanvaarbaar.

Voorts bou die U.G.O.-bedeling doelbewus aan die vestiging van ’n humanistiese samelewing, sonder Christus. Kan dit aanvaarbaar wees vir die Christen?

Onontkombaar: U.G.O. is prinsipieel ideologies gedrewe, met opvoedkundige byklanke.

Geen wonder dat U.G.O. in al die Westerse lande misluk het nie.

Ouers wat hulle kinders aan hierdie Uitkomsgerigte Onderwysbenadering, wat algemeen in die openbare of staatskole gevolg word, uitlewer, kan op ’n stadium tot die ontnugterende ontdekking kom, dat daar ’n onoorkombare kloof tussen hulle en hulle kinders ontstaan het. Hulle kinders gehoorsaam nou ander waardes en norme en wel onchristelike, Godvyandige en volksvreemde waardes. Hierdie onheilspellende kloof word ook nie maklik oorbrug nie en gee aanleiding tot groot onmin en verdriet, maar dan is dit helaas te laat vir trane.

4.2 C.V.O.

Die onderwysbedeling, soos aangebied deur die B.C.V.O., is in lyn met die tradisionele siening van die taak van die skool en skoolse onderwys. Die onderrig- en leerpraktyk van hierdie bedeling is gefundeer op algemeen erkende opvoedkundige en onderwyskundige insigte, waarhede en vereistes vir opvoedende onderwys in skoolverband.

Voorts bied hierdie bedeling aan ons kinders die geleentheid om binne ’n Christelike onderwysmilieu, saam met maats van sy eie volksverband, in klein klasgroepe en binne ’n veilige skoolopset, hulle onderwys te geniet.

C.V.O. is fundamenteel opvoedkundig gedrewe, met ideologiese grondtone, as lewens- en wêreldbeskoulike fundering van ons kinders. Hierdie fundering vind sy wortels in die onvervalste Woord van God Drie-enig en die Christelike geloofsbeskouing.

Dit blyk dat die C.V.O.-model uitstekend toegerus is, om aan die opvoedende onderwysbehoeftes van die kinders van ons volk te voldoen en aan hulle hoop op ’n persoonlike toekoms te bied.

.

Prof JJ Pienaar
Prof CJJ Basson
November 2008

****